

NG UNIVERSITEITSOORD

Orrel

HERINWYDINGS-
KONSERT II

Die orrel in volle kleur

Isabelle van Rensburg

Program

2026

18 OKTOBER

Tyd: 11:00



HERINWYDINGS- KONSERT II

Grand Dialogue uit *Troisième Livre d'Orgue*
Louis Marchand (1669–1732)

Eerste beweging uit Fluit Konsert, op. 55
Johann Christian Heinrich Rinck (1770–1846)

Bagatelle Burlesque, op. 98
Rachel Laurin (1961–2023)

Mozart Changes
Zsolt Gárdonyi (geb. 1946)

Tokkate, Adagio en Fuga in C majeur, BWV 564
Johann Sebastian Bach (1685–1750)

Finale uit Simfonie nr. 1, op. 14
Louis Vierne (1870–1937)

*With sincere thanks to Pipe
Organ Specialists for the
restoration of the organ and the
generous sponsorship of the
printing of these programmes.*



NG UNIVERSITEITSOORD SE

Orrel

DEEL 2

Geskryf deur Leon Greyling, orrelis van Gereformeerde Kerk Meyerspark en gereelde aflos-orrelis van Universiteitsoord

Kom ons beskou die orrel van naderby. Wat word bedoel met registers? Registers aktiveer die verskillende klanke wat die orrel kan voortbring. Daar is harde klanke soos die Prestante, Miksture, Basuin en Trompet en sagte klanke soos fluite en die strykers. Ons orrel het die volgende registers:

Hoofwerk	Swelwerk	Rugwerk	Pedaal
Kwintadeen 16	Baarpyp 8	Holpyp 8	Prestant 16
Prestant 8 (front)	Salisionaal 8	Kwintadeen 8	(front)
Roerfluit 8	Voix Celeste 8	Prestant 4 (front)	Subbas 16
Oktaaf 4	Prinsipaal 4	Blokfluit 4	Oktaafbas 8
Spitsfluit 4	Koppelfluit 4	Oktaaf 2 (front)	Gedek 8
Kwint 2 2/3	Nasard 2 2/3	Kwint 1 1/3	Koraalbas 4
Vlakfluit 2	Woudfluit 2	Sesquialter II	Gedekte fluit 4
Mikstuur 1 1/3 V-VI	Terts 1 3/5	Mikstuur I IV	Naghoorn 2
Trompet 8 (front)	Mikstuur 2 V-VII	Cimbel ¼ III	Basuin 16
RW/HW	Trompet 8	Kromhoorn 8	Trompet 8
SW/HW	Klaroen 4	Tremulant	Skalmei 4
	Hobo 8	SW/RW	HW/Ped
	Tremulant		SW/Ped
			RW/Ped

Die getal agter die register dui die lengte van die laagste pyp aan (in voet), byvoorbeeld die Basuin 16' se laagste pyp is 16 voet lank of die Prestant 8' se laagste pyp is 8 voet lank. Elke pedaalregister het 32 pype en elke manueel register het 61 pype. Die Miksture werk bietjie anders. Die Mikstuur op die Hoofwerk is 'n 5 tot 6 sterk mikstuur. Dit beteken dat daar vir elke noot, vyf of ses pype is wat klink. Die Mikstuur op die Swelwerk is 'n 5 tot 7 sterk. Dit beteken dat daar vir elke noot vyf, ses of sewe pype klink.

Ons orrel het altesaam 3022 pype wat elke met die hand gemaak is. Die swelafdeling (boonste klavier) se pype is almal in 'n aparte boks of kamer. Dit het 'n stel deure aan die voorkant wat deur middel van 'n pedaal (dit lyk soos die traporreltjies se pedale waarmee mens pomp) oop en toe kan maak. So kan mens die volume van die stel pype beheer. Wanneer die deure toe is, is die klank sagter en wanneer dit oop is, is die klank harder. Dit kan ook geleidelik sagter en harder gemaak word.

'n Orrel moet ten minste twee keer per jaar gestem word en nee, 'n orrelstemmer is nie blind soos baie klavierstemmers nie – hulle moet kan sien as hulle by orrels inklim want dit is soms baie hoog! Hoekom twee keer per jaar? Behalwe vir die houtpype, bestaan die samestelling van pype uit 'n kombinasie van tin, allooï en lood. In die somer swel die pype en in die winter krimp die pype. Dit veroorsaak dat die pype stemming verloor. 'n Orrel word daarom een keer in die somer gestem en een keer in die winter. Die orrel is in 2022 vir meer as R20 miljoen waardeer.

VOLGENDE KONSERT:

Orrel

HERINWYDINGS-
KONSERT III

**Orreliste rondom
Universiteitsoord**

2026

8 NOVEMBER

Tyd: 11:00

NG UNIVERSITEITSOORD

Toegang: **DONASIE**

Indien u op hoogte gehou wil word van orrelkonserte by NG Universiteitsoord, skryf gerus u kontakbesonderhede op die vorm in die voorportaal of skandeer hierdie QR kode:

U donasie word opreg waardeer en word uitsluitlik gebruik vir die instandhouding van ons orrel en betaling aan musici:

Maak gerus 'n elektroniese oorbetalings met verwysing ORREL

NG Kerk Universiteitsoord
ABSA
Tjekrekening
Takkode 632005
540 580 006

**Ontvang
inligting
oor ons
konserte**



SnapScan



Dankie vir u getroue ondersteuning oor 59 jaar!



linktr.ee/universiteitsoord



universiteitsoord.co.za/musiek-en-konserte